NUUSBRIEF

KAROO HOOGLAND MUNISIPALITEIT

DATUM VAN UITGAWE: JUNIE 2021 (bl.1)

U WORD HERINNER OM AANSOEK TE DOEN VIR DEERNIS KORTINGS/ SUBSIDIES

Die publiek word ernstig beroep om aansoek te doen vir subsidies (deernis kortings) vir die 2021/2022 finansiële boekjaar.

Vorms is verkrygbaar by al die munisipale kantore asook by u wyksraadslede en CDW's.

Gaan vind nou uit of u dalk vir 100% of dalk 50% subsidies kwalifiseer !!

AFSKRYWINGS: U word ook hiermee aangemoedig om die munisipale kantore te besoek met afskrifte van doodsertifikate van familie-lede wat munisipale rekeninge op hul naam gehad het sodat skuld moontlik vir die afgestorwenes afgeskryf kan word tot met die datum van hul afsterwe.

U word ook verder ingelig dat u maandeliks soos u finansiële situasie verander aansoek kan doen en dat bogenoemde "aansoek vir subsidie" nie 'n jaarlikse aansoekproses is nie.

GOEIE SAMEWERKENDE REGERING

Vir die eerste keer in die geskiedenis van die munisipaliteit is 'n "Technical IGR" [interregerings samewerking/verhouding] vergadering in die Karoo Hoogland Munisipale area gehou. Alle Munisipale Bestuurders in Namakwa Distrik was teenwoordig, behalwe die Munisipale Bestuurder van Khaima Munisipaliteit, wat ander verpligtinge gehad het.

Mnr. Henry Nieuhaus nuut-aangestelde amptenaar by die Namakwa Distriksraad, verantwoordelik vir die Munisipale Ondersteuning, was ook teenwoordig. Die alreeds goeie werksverhouding tussen die Namakwa Distriksraad en munisipaliteit is verstewig. CFO'S was ook genooi en die Hantam Munisipaliteit en Namakwa Distriksmunisipaliteit was teenwoordig.

Uit die kantoor van die Munisipale Bestuurder

TARIEWE VERHOGINGS 2021/2022

*Tariewe styg slegs met **4,5%**, behalwe elektrisitietstariewe wat met 14,59% styg*

Die volledige tariewe lys asook die grondgebruiksaansoek-tariewe is beskikbaar op ons webblad by INFORMATION → TARIFFS Of kan op versoek aan u ge-epos word

VERKEERS-DEPARTEMENT BESOEK DATUMS

WILLISTON
6 Julie
10 Aug
7 Sept

FRASERBURG
7 Julie
11 Aug
8 Sept

SUTHERLAND
8 Julie
12 Aug
9 Sept

KONTAK ONS KANTORE

TEL: 053 3913 003
Mulder straat, Williston, 8920
info@karoohoogland.gov.za

Besoek ook ons **webwerf**:
www.karoohoogland.gov.za

Karoo Hoogland Municipality

BYSTAND NOMMERS

Williston	**066 056 2678**
Fraserburg	**066 077 5922**
Sutherland	**066 056 2811**

MUNISIPALE KANTORE : VLAK 3 & 4 INPERKINGSTYE

Maandae tot Vrydae
09:00 – 14:00

Probeer sover moontlik epos/whatsapp/sms gebruik vir kommunikasie met munisipale amptenare.